

2 Timoteus 2:1-12

Ek glo – Christus het opgevaar en is nog steeds werksaam

Inleiding

- Waar is Jesus?
 - Voor ons hierdie vraag antwoord is daar eers 'n klomp plekke waar ons weet Jesus nie is nie.
 - Hy is nie in die graf nie.
 - Hy is nie in jou hart nie.
 - Sy liggaam is nie gesteel deur sy dissipels en iewers weggesteek nie.
 - Hy hang nie meer aan die kruis nie.
- Die engel by die graf het na die graf toe gewys en ons verseker dat Jesus nie meer daar is nie.
 - Net so wys Christus se hemelvaart vir ons ook na die aarde toe en verseker ons dat Jesus nie hier is nie.
 - Kom ons vra dan weer die vraag – Waar is Jesus?
- Hy het na sy opstanding nog 40 dae op aarde geleef en geleer en daarna het Hy voor die oë van sy dissipels opgevaar na die hemel.
 - En ook hier eindig ons belydenis nie.
 - Dit gaan verder.
 - Jesus se werk stop nie die oomblik wat Hy opvaar na die hemel toe nie.
 - En dit is juis hoekom die hemelvaart so 'n troosvolle deel is van die wese van ons godsdiens.
- Christus het opgevaar na die hemel toe en is nog steeds werksaam.
 - Hierdeur word ons verseker dat Christus steeds ons voorspraak is.
 - Christus waarborg ons deur sy Gees dat Hy ons ook na Hom toe sal neem.
 - Christus roep ons deur sy hemelvaart op tot aktiewe diens in die geloof.

Christus is ons voorspraak

- Die troos van die hemelvaart begin by die feit dat Jesus nie nou skielik passief is nie.
 - Sy werk hou nie op nie.

- Hy sit nie in die hemel en wag vir die tyd om aan te breek sodat Hy kan terugkom nie.
- Nee, Hy is aktief besig om vir ons voorspraak te wees by die Vader.
 - Op aarde is dit al reeds wonderlik om 'n voorspraak te hê.
 - Hierdie persoon is iemand wat vir jou intree en namens jou praat.
 - Hy verteenwoordig jou sodat jy dit nie hoef te doen nie.
 - 'n Baie eenvoudige voorbeeld is die persoon wat jy betaal om namens jou in die ry te gaan staan by die lisensie kantore.
 - Jy gee jou brief en die papierwerk en die persoon sorteer alles vir jou uit en jy kry jou nuwe voertuiglisensie.
- Maar hierdie voorbeeld is egter nie eers 'n breukdeel van die wonderlike werk wat Jesus doen as ons voorspraak nie.
 - Hy tree nie vir ons in by ander mense nie.
 - Hy tree vir ons by die Vader in.
- Wanneer Christus vir jou intree en jou voorspraak is, is dit nie 'n geval dat Hy vra of soebat of smeek nie.
 - Nee, Hy eis by die Vader.
 - Ons sien dit in die manier wat Jesus bid in die tuin van Getsemane in Joh. 17:24.
 - Wanneer Jesus jou voorspraak is, dan beteken dit vir my en jou dat elke keer wanneer jy vir die soveelste keer struikel en val in die sonde, elke keer wat jy bewustelik en onbewustelik sondig, wanneer jy nie erns met jou geloof maak nie, wanneer jy goedkoop en afgejaag bid, wanneer jy stry daarteen om te bekeer, wanneer jy liefdeloos teenoor God of jou naaste optree, dat Christus vir jou intree.
- Hy bid dat God ons moet sien in regverdigheid wat Christus verwerf het, omdat daardie sondes wat ek en jy so graag doen, reeds deur Jesus aan die kruis betaal is.
 - Rom. 8:33 stel hierdie voorspraak van Christus nog meer duidelik wanneer Paulus skryf dat Christus vir ons pleit.
- Maar Christus is nie net ons voorspraak nie.
 - Hy is ook besig om vir ons 'n woonplek voor te berei in die hemel.
 - Weereens sien ons dat Jesus nie passief is en agteroor sit nie.
 - In die gedeelte in Johannes 14 maak Jesus dit vir sy dissipels baie duidelik wanneer Hy hulle troos met die wete dat daar vir hulle 'n woonplek wag.
- Dit beteken dat Jesus nie van jou vergeet het toe Hy opgevaar het nie.

- Hy los nie sy kerk oor in die hande van die boosheid van hierdie wêreld nie.
 - Hy bewaar sy kerk.
 - Hy berei vir sy kerk 'n woonplek voor.
 - 'n Woonplek waar ek en jy wat volhard in die geloof tot in ewigheid sal kan deel in die heerskappy van Christus oor alle dinge.
- Christus weet egter dat ons in ons gebrekkige geloof, maklik twyfel.
 - Daarom word ons verseker van Christus se werk deur die Heilige Gees wat ons waarborg is.

Christus waarborg ons deur Sy Gees

- As versekering dat Jesus nie sy kerk alleen los nie, word sy Gees ook aan ons gegee.
 - Sy Gees dien eerstens as die versekering dat Immanuel nie 'n leë belofte is nie, maar 'n kragtige waarborg van God se teenwoordigheid.
 - Hy is met ons.
 - Daarom is die hemelvaart nie 'n hartseer gebeurtenis omdat Jesus weg is nie, maar juis weereens die herinnering van God se alomteenwoordigheid.
 - So sien ons dan ook die genade van God in sy teenwoordigheid.
- Daarom is die Gees vir ons 'n waarborg.
 - Die waarborg vir wat Christus reeds gedoen het.
 - Die waarborg vir wat Christus besig is om nou te doen.
 - Die waarborg van dit wat vir elke gelowige voorlê.
- So word ons dan opgeroep om te streef na dit wat is daar waar Christus is soos wat Kol. 3:1 ons ook leer.
 - Maar Christus leer ons in Joh. 14 dat Hy nie net gaan om vir ons plek voor te berei nie, maar dat Hy ook terugkom om ons na daardie tuiste toe te neem.
 - Daarom is die Gees vir ons ook die waarborg van ons eie hemelvaart.
 - Soos wat Christus opgevaar het na die hemel, sal Hy ook terugkom sodat ons saam met Hom tot in ewigheid sal leef.
- Daarom is die hemelvaart van Christus so kragtig 'n heenwyser na dit wat voorlê.
 - Christus se hemelvaart is die belofte van ons hemelvaart wat wag wanneer Christus terugkom.

- Daarom is die stryd op aarde wat vol uitdagings is, nie maar bloot onnodige lyding nie, maar 'n oproep om te volhard totdat Christus terugkeer.

Christus roep ons op tot aktiewe diens

- In die brief wat Paulus vir Timoteus skryf sien ons hoe belangrik dit is om aktief te wees.
 - Christus se hemelvaart beteken nie vir my en jou – sit maar agteroor en wag geduldig nie.
 - Nee Paulus gebruik 3 beelde wat hierdie aktiewe taak en roeping van elke gelowige beskryf.
 - Die beeld van 'n soldaat, van 'n atleet en van 'n boer.
- 'n Soldaat moet gehoorsaam wees deur die opdragte van sy bevelvoerder uit te voer.
 - En soos 'n soldaat moet ons ook besef dat daar 'n doel is vir die stryd waarmee ons besig is.
 - Daar word nie net maar lukraak oorlog gevoer nie, maar ons stry enduit met die wete dat daar 'n oorwinning voorlê.
 - As ons nie bereid is om te stry en te worstel vir die evangelie nie, dan sal ons maklik vou met die eerste tekens van beproewing.
 - Daarom roep Paulus op tot volharding.
 - Nie volharding vir eenvoudige aardse dinge nie, maar hemelse dinge – die ewige lewe wat op ons wag.
- As atleet word ons geroep tot gehoorsaamheid.
 - Soos wat 'n atleet nie as kampioen gekroon kan word as hy nie by die reëls hou nie, kan ons ook nie ons eie reëls maak soos wat ons goeddunk nie.
 - Ons moet hou by dit wat God in sy woord beveel.
- So ook word die beeld van 'n boer gebruik.
 - In die tyd waarin Paulus skryf was boerdery nie die mees indrukwekkende beroep nie.
 - Dit was daaglik maar dieselfde roetine gewees.
 - Harde werk, herhalende werk en dikwels vervelige werk.
 - Jou werk as gelowige gaan jou nie altyd gewild maak en in die kalklig sit nie.
 - Dit gaan dikwels ondankbare werk wees as jy jouself meet aan die aardse standaarde.

- Maar die realiteit is dat daar nie plek is vir lui, lou en lakse gelowiges nie.
- Daarom roep Paulus ons op tot gehoorsaamheid, volharding en ywer.
 - Al hierdie eienskappe kom net te danke aan die Gees wat die geloof in ons harte opwek.
 - Maar ons ywer, volharding en gehoorsaamheid het 'n besondere doel voor oë.
 - Ons volhard in die geloof, want ons het die verwagting van Christus se koms en die ewige lewe.
 - Ons is gehoorsaam aan die woord van God omdat ons weet dat die ewige lewe vir ons wag.
 - Ons verkondig die evangelie sodat elkeen wat hoor en tot geloof kom werklik die vreugde sal beleef wanneer Christus terugkom sodat ons ook die hemelvaart mag beleef – en dit doen ons met ywer.
- Paulus sluit sy beeld van die boer af deur te noem dat die boer die eerste van die vrug van die land moet kry.
 - Dit wys nie vir ons op 'n beloning nie, maar 'n roeping.
 - Jy moet eerste gevoed word voordat jy ander kan voed.
 - Jy moet self deur die woord van God gevoed word.
 - Jy kan nie aan ander die evangelie gaan verkondig as jy nog nie die evangelie ken, verstaan of glo nie.
- Daarom begin hierdie ywer, volharding en gehoorsaamheid by jouself.
 - Soek die Here op in sy woord en in gebed.
 - Maak erns met jou geloof.
 - Bybelstudie, gebed, opbouende geloofsgesprekke.
- Wanneer jy maar net terugsit en wag, dan maak jy nie net die werk van Christus aan die kruis goedkoop nie, maar ook die werk waarmee Hy nou nog besig is.
 - Daarom roep die Here en bevestig dit vanoggend weer vir jou – raak aktief, raak besig.
 - Werk ywerig vir die koninkryk tot Christus terugkom.

Slot:

- Ons is dikwels geneig om hemelvaart af te skeep.
 - Paasfees en Kersfees staan voor op die agenda as dit kom by ons verstaan van Christus se werk, so kom ons maak dit eenvoudig.

- As Christus in een van die kerkkategorie klasse hier buite nou gesit het en vir jou gebid het, hoe sou dit jou perspektief van Christus se werk verander?
 - Hoewel Christus nie nou in een van daardie klasse besig is nie, maak die afstand nie saak nie.
 - Hy bid vir jou.
 - Hy tree vir jou in by God.
- Antwoord hierop in ywerige dankbaarheid en werk in die koninkryk totdat Christus terugkom.